**Bid dat jy elke dag met die Gees vervul sal word en dat die Heilige Gees jou elke dag sal lei!**
**Donderdag 5 Junie 2022**

**<u>Hand 2:4</u>**
"Almal is met die Heilige Gees vervul."
**<u>Hand 4:31</u>**
"Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig."

"Die Pinsterfees, (*die uitstorting van die Heilige Gees),* is 50 dae na die Paasfees, *die kruisiging van ons Here Jesus Christus,* gevier. **<u>Jesus</u>** is met die Paasfees gekruisig en het volgens die boek Handelinge, 40 dae later na die Hemel opgevaar. **<u>Die Heilige Gees</u>** is 50 dae na die Kruisiging en 10 dae na sy Hemelvaart oor die gelowiges uitgestort. Daar was talle Jode uit baie lande rondom die Middellandse See in Jerusalem byeen vir hierdie fees, daarom is Petrus se boodskap gehoor deur mense van oor die hele bekende wêreld van die antieke tyd. Dit het daartoe gelei dat die eerste mense wat tot die Christendom bekeer is, oor die hele bekende wêreld versprei is." *(Bybel in Praktyk. 1993:1651)*

- Het jy al gebid om vervul te word met die Heilige Gees?
- Kan ons nog met die Heilige Gees vervul word of was dit 'n eenmalige saak wat afgehandel is?
- Is die Uitstorting van die Heilige Gees en die vervulling van die Heilige Gees dieselfde saak?

**Die mees prominenste Persoon**, ***Persoon hier met 'n hoofletter,*** in die boek Handelinge is, **die Heilige Gees.** Die Heilige Gees word ongeveer **<u>90 keer</u>** in die boek Handelinge genoem. Dit beteken tog baie duidelik dat die Heilige Gees, wat self God is, die derde Persoon van die Goddelike Drie-eenheid, 'n baie belangrike rol vervul, of werking het.

## <u>Maar waar kom Pinksterfees vandaan</u>?

Die griekse woord vir Pinkster is - **πεντηκοστή - pentēkostē.**

- **Dit beteken vyftig.**

Die eerste plek waar ons van die Pinksterfees lees is in **<u>Lev 23:15-17</u>**
Hierdie volmaakte tydsberekening vir die uitstorting van die Heilige Gees dui onmiskenbaar daarop dat…

- die bedeling van genade,
- wat ook die bedeling van die kerk of
- die bedeling van die Heilige Gees genoem word,
- die bedeling van die wet in God se raadsplan vir die mens vervul is.

**<u>Wat leer dit ons vandag?</u>**

- Die Heilige Gees is net een keer uitgestort.

Daarom bid ons nie meer vir die uitstorting van die Heilige Gees nie.
Nee, ons bid om met die Heilige Gees **<u>vervul</u>** te word.
Ons moet daagliks bid om met die Heilige Gees **<u>vervul</u>** te word.

Wanneer daar kritiek en dreigemente teen die dissipels was, het die Here hulle opnuut met sy Heilige Gees vervul sodat hulle innerlik versterk kon word.

- **In Hand. 2** is die dissipels die eerste keer met die Heilige Gees vervul.

- **In Hand. 4** lees ons dat die vervolging teen hulle só hewig was dat hulle die Here om genade gebid het sodat hulle met hul prediking kon volhard: **Hand. 4:29**
  Die Here het hierdie gebed beantwoord deur hulle opnuut met sy Gees te vervul:

  **Hand. 4:31,33**

  > "Hulle is almal **vervul met die Heilige Gees** en het die Woord van God met vrymoedigheid gespreek... En met groot krag het die apostels getuienis gegee van die opstanding van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal"

**Toepassing**

Ek moet met die nuwe mens beklee word wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.

- Net die Heilige Gees kan my met die opstandingslewe van Christus beklee.

Ons ontvang krag uit die hoogte.
Ons moet ook ons vrymoedigheid en ywer vir die saak van die Here behou, en hiervoor is dit nodig om meermale, telkemale met die Gees van God vervul te word. Daarom moet ons biddend elke dag bid vir die krag en genade wat God aan ons gee deur die Woord en die Heilige Gees.
Ons kan die Here ook vir 'n nuwe aanraking met krag uit die hoogte vertrou.
Verootmoedig jouself dan in hierdie tyd voor die Here.
Vertrou Hom vir volkome verlossing.
Verklaar jouself opnuut bereid om leeggemaak te word, sodat sy Gees jou lewe vervul.

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***